



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**MPUMALANGA**

**PUNTE: 120**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP****NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

**VRAAG 1: ARTIKEL****TEKS A**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	VLAK
1.1	buitengewone	1	3
1.2	jaarliks	1	2
1.3.1	Vic Clapham	1	1
1.3.2	Hy wou soldate wat (in die Eerste Wêreldoorlog) gesterf het, herdenk.	1	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle moet dit binne 12 uur voltooi.</li> <li>Hulle moet dit binne 'n sekere tyd voltooi.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>KwaZulu-Natal</li> <li>KZN</li> </ul> (Enige EEN)	1	1
1.5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Cowie's Hill</li> <li>Polly Shortts</li> </ul> (Enige EEN)	1	1
1.6.1	Durban	1	3
1.6.2	Pietermaritzburg	1	3
1.7	figuurlike	1	3
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>B</li> <li>fiks</li> <li>B fiks</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
1.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>16</li> <li>Sestien</li> </ul> (Enige EEN)	1	2
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die Comrades begin met die <b>nagemaakte kraai</b> van 'n hoenderhaan. ✓</li> <li>Ander marathons begin met '<b>n skoot</b> wat klap. ✓</li> </ul> (Of soortgelyk aan bogenoemde.) <i>(Kandidaat moet die VERSKIL aandui).</i>	1 1	2 2
1.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>(In 1975 is) die Comrades vir alle atlete oopgestel.</li> <li>(Van 1975 af) kon mense van albei geslagte (aan die Comrades) deelneem.</li> <li>(Van 1975 af) kon mense van alle rasse (aan die Comrades) deelneem.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3

1.12.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• ... het die eerste Comrades gewen.</li> <li>• C ... het die eerste Comrades gewen. (Enige EEN)</li> </ul>	1	2
1.12.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• ... het bewys dat mense tot op 'n hoë ouderdom aan die Comrades kan deelneem.</li> <li>• E ... het bewys dat mense tot op 'n hoë ouderdom aan die Comrades kan deelneem. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
1.12.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• ... was die eerste swart wenner van die Comrades.</li> <li>• A ... was die eerste swart wenner van die Comrades. (Enige EEN)</li> </ul>	1	2
1.12.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• ... het 'n bestaande rekord verbeter.</li> <li>• D ... het 'n bestaande rekord verbeter. (Enige EEN)</li> </ul>	1	2
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hy was die oudste persoon wat die Comrades voltooi het.</li> <li>• Hy is 'n (Comrades) legende.</li> <li>• Hy het self baie Comrades marathons gewen.</li> <li>• Hy het 'n goeie voorbeeld vir ander gestel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
1.14	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die atlete werk hard daarvoor.</li> <li>• Dit is 'n risiko/gevaarlik om so ver te hardloop.</li> <li>• Vir party atlete is dit hulle inkomste.</li> <li>• Dit is 'n baie moeilike wedloop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit stem nie ooreen met die gees van die Comrades nie.</li> <li>• Dit is nie die rede waarom die Comrades begin is nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
1.15.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• teleurgesteld/hartseer</li> <li>• moedeloos (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5

1.15.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• teleurgesteld/hartseer - ek het baie hard geoefen en het steeds misluk.</li> <li>• moedeloos/radeloos - ek sou nie weet wat ek nog kan doen om suksesvol te wees nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk) <i>(Die motivering moet pas by die gevoel wat die kandidaat in 1.15.1 neergeskryf het)</i>	1	5
1.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mense moet mekaar help/ondersteun.</li> <li>• Jy word 'n beter mens as jy ander help.</li> <li>• Die lewe gaan nie net oor geld/wen nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk)	1	4
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>24</b>	

**TEKS B: VISUELE TEKS**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	VLAK
1.17	om (by familie en vriende) te kuier	1	3
1.18	sport	1	3
1.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>• geld/rande/rand en sent</li> <li>• besigheid/hulle werk</li> </ul> (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die grafiek handel oor redes waarom Suid-Afrikaners/mense reis.</li> <li>• Mense reis met hulle motors.</li> <li>• Mense vat hulle bagasie saam as hulle reis.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
1.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• te verduidelik waarom Suid-Afrikaners reis.</li> <li>• D te verduidelik waarom Suid-Afrikaners reis.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
1.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Mens sukkel nie met woordeskat/moeilike woorde nie.</li> <li>• Die prentjies help jou om beter te verstaan.</li> <li>• Daar is nie baie woorde om te lees nie.</li> <li>• 'n Mens sien sommer dadelik waaroor die kern van die teks handel.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
<b>SUBTOTAAL:</b>		<b>6</b>	
<b>TOTAAL AFDELING A:</b>		<b>30</b>	

**AFDELING B: OPSOMMING****NASIEN VAN DIE OPSOMMING**

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
- **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 65 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**VRAAG 2: SÓ MAAK JY AS JY EERSTE BY 'N ONGELUK STILHOU**[Verwerk uit *Huisgenoot.com*]

	<b>TEKS</b>	<b>VERWAGTE ANTWOORDE</b>
1.	Hier is SEWE dinge wat jy moet doen as jy eerste by 'n ongeluk stilhou en sien dat daar mense beseer is.	
2.	Jou <b>eie veiligheid</b> is belangrik as jy beseerde mense by 'n ongeluk wil help. Moenie onverskillig wees nie. Parkeer jou motor op 'n veilige plek met die hoofligte aan.	Jy moet heel eerste jou eie veiligheid verseker./Jy moet heel eerste sorg dat jy veilig is. OF Jy moet op 'n veilige plek parkeer met jou hoofligte aan.
3.	Daar kan motors verbyjaag of petrol kan uitlek en brand. <b>Maak dus die ongelukstoneel veilig.</b> Plaas <b>waarskuwingsdriehoeke</b> 'n entjie van die ongeluk af om motoriste te waarsku.	Jy moet die ongelukstoneel veilig maak. OF Waarsku motoriste met waarskuwingsdriehoeke 'n entjie van die ongelukstoneel af.
4.	<b>Bel 'n ambulans</b> vir hulp. Die ambulansman moet weet waar die ongeluk gebeur het. Hy moet ook weet hoeveel mense ernstig beseer is.	Jy moet die ambulans bel (om te kom help/vir hulp.) OF Jy moet 'n ambulans laat weet waar die ongeluk plaasgevind het en hoeveel mense ernstig beseer is.
5.	Die warm son kan beseerdes ongemaklik laat voel. Hulle sal ook onrustig wees as hulle nie weet dat hulp op pad is nie. <b>Hou beseerdes dus kalm en gemaklik</b> terwyl julle vir hulp wag.	Jy moet die beseerdes kalm en gemaklik hou. OF Jy moet die beseerdes kalm/gemaklik hou/uit die son/hou.
6.	Dalk is die motor in diep water of daar is brandstof wat uitlek. Net <b>dán</b> mag jy <b>ernstig beseerde persone skuif</b> . Jy sal verdere beserings veroorsaak as jy 'n persoon met rug- of nekbeserings skuif.	Jy moenie ernstig beseerdes skuif nie. OF Jy mag ernstige beseerdes net skuif as hulle lewens in gevaar is./Jy mag ernstig beseerdes net skuif as brandstof lek of as die motor in diep water is.
7.	Mense wat geskok is, sal bewe of kla van naarheid. <b>Hou hulle koel met hul bene effens in die lug.</b>	Mense wat geskok is, moet koel gehou word met hul bene gelig.
8.	Swaar bloeding kan 'n persoon se dood veroorsaak. Jy moet die <b>wond</b> met 'n skoon handdoek of kledingstuk <b>toedruk</b> .	As iemand kwaai bloei, moet jy die wond (met 'n skoon handdoek of kledingstuk) toedruk.
	<b>GETAL WOORDE = 200 woorde ( ± 200 woorde – Disjunktief)</b>	<b>GETAL WOORDE = 61 woorde (50–60/65 maksimum)</b>
<b>TOTAAL AFDELING B: 10</b>		

## **AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

### **NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

1. Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling geenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.



<b>VRAAG 3: ADVERTENSIE</b>			
<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Is jy dors?</li> <li>• Wie is dors?</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
3.2	lekkerste	1	3
3.3	propvol	1	2
3.4	<u>Jy</u> moet dit yskoud bedien.	1	3
3.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• !</li> <li>• Uitroepteken</li> </ul> (Enige EEN)	1	4
3.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• stereotipering.</li> <li>• A stereotipering.</li> </ul> (Enige EEN)	1	5
3.7	Mening <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is die adverteerder se opinie.</li> <li>• Nie almal stem met die adverteerder saam nie.</li> <li>• Daar is nie bewyse dat ander appelsap nie lekkerder/ beter/gesonder is nie.</li> <li>• Daar kan dalk ander appelsappe wees wat lekkerder/ beter/gesonder is.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	5
3.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is 'n (geskilde) appel op die bottel.</li> <li>• Daar is appels/gesnyde appels langs die bottel.</li> <li>• Daar is vars appels in die prent.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)	1	6
3.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die advertensie handel oor appels.</li> <li>• Dit versterk die leser se idee waarom die advertensie gaan.</li> <li>• Dit vestig die leser se aandag op dit waarom die advertensie gaan.</li> <li>• Dit rond die advertensie beter/op 'n interessante manier af.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	6
3.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• te oorreed om Langkloof Appelsap te koop.</li> <li>• D te oorreed om Langkloof Appelsap te koop.</li> </ul> (Enige EEN)	1	5
		<b>TOTAAL: 10</b>	

<b>VRAAG 4: SPOTPRENT</b>			
<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Daar is 'n bed/beddegoed.</li> <li>• Daar is 'n klerekas.</li> <li>• Daar is slaapkamermeubels. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	3
4.2	meer	1	6
4.3	Pa sê dat hulle besluit <b>het</b> om <b>hom</b> nie meer universiteit toe te stuur nie. (Die hele sin moet korrek wees vir die punt)	1	3
4.4	maandeliks	1	3
4.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• verras</li> <li>• A verras (Enige EEN)</li> </ul>	1	6
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy kasdeure hang oop.</li> <li>• Sy kouse lê rond.</li> <li>• Sy skoene lê sommer voor sy bed. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
4.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Regtig/REGTIG</li> <li>• Rêrig/RÊRIG</li> <li>• Werklik/WERKLIK</li> <li>• Sowaar/SOWAAR</li> <li>• Wragtag/WRAGTAG</li> <li>• Wragtig/WRAGTIG</li> <li>• Wraggies/WRAGGIES (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
4.8	gestrykte/gestrykde	1	3
4.9	matjie	1	2
4.10	Die jongman se ouers <b>was</b> ernstig oor die saak.	1	3
<b>TOTAAL: 10</b>			

<b>VRAAG 5.1: LEESTEKS</b>			
<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
5.1.1	mens	1	3
5.1.2	jou	1	2
5.1.3	<b>om</b> van ander mense <b>te</b> skinder <i>(Kandidate hoef nie die hele sin uit te skryf nie, maar die gedeelte met die infinitief moet heeltemal korrek wees om die punt te verdien.)</i>	1	3
5.1.4	Jy moet altyd vriendelik wees.	1	3
5.1.5	nie	1	2
5.1.6	be – lang – stel <i>(Kandidate kan lettergreepverdeling op enige aanvaarbare wyse aandui.)</i>	1	3
5.1.7	vir	1	1
5.1.8	meeste	1	3
5.1.9	Mense sal jou vermy as jy onbeskof is.	1	3
5.1.10	help	1	2
5.1.11	woorde	1	1
5.1.12	oneerlik <i>(Die antoniem moet in die konteks pas).</i>	1	2
5.1.13	lei	1	2
5.1.14	Die <b>by</b> het my gesteek. (insek) <i>(Enige sin waar die ander betekenis van die woord duidelik is)</i>	1	3
			<b>SUBTOTAAL: 14</b>

<b>VRAAG 5.2: PRENT</b>			
<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
5.2.1	provinsies	1	1
5.2.2	groter	1	4
5.2.3	tradisionele	1	3
5.2.4	diamante	1	1
5.2.5	olifante	1	1
5.2.6	Tafelberg	1	2
			<b>SUBTOTAAL: 6</b>
<b>TOTAAL AFDELING C: 40</b>			

**AFDELING D: LETTERKUNDE****BLADSAK – Lucas Malan****VRAAG 6****VERHAAL A: "STOKVEL OP 'n PLAAS" – Justice L Makete**

<b>VRAAG</b>	<b>ANTWOORD</b>	<b>PUNT</b>	<b>VLAK</b>
6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit gee vir een gesin ekstra geld om daardie maand te gebruik.</li> <li>• Lede kan dit gebruik om geld te spaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	1
6.2	MaDlamini	1	1
6.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• personifikasie.</li> <li>• C personifikasie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Almal het die Dlamini's gehelp met die voorbereidings. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	3
6.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Te voet</li> <li>• (Met) fietse</li> <li>• (Met) donkiekarre (Enige TWEE)</li> </ul>	1 1	1 1
6.6	laat	1	3
6.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• die stokvelgangers baie geëet het.</li> <li>• D die stokvelgangers baie geëet het. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy moes hulle genooi het om ná ete saam buite te gaan sit.</li> <li>• Sy kon van die bejaardes se musiek by die vrolikheid laat speel het.</li> <li>• Sy kon reël dat die bejaardes staaltjies uit hulle jongdae vertel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
6.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die voorbereidings vir die dag het vroeg begin.</li> <li>• Die stokvel-verrigtinge is afgehandel.</li> <li>• Die stokvelgangers het die partytjie geniet.</li> <li>• Die skurke het die partytjie kom opbreek.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2

6.10	<p>Ja</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die skurke sou nie die stokvel bygewoon het nie.</li> <li>Daar sou nie 'n bakleiry gewees het nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die dronkaards kon nog altyd moeilikheid veroorsaak het.</li> <li>Hulle sou nie die moeilikheidmakers daar kon weghou nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
6.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>Mandevu was 'n sterk man.</li> <li>Mandevu was 'n betroubare man.</li> <li>Skelms in die gemeenskap was versigtig vir Mandevu.</li> <li>Mandevu het twee gevaarlike honde gehad wat hom gehelp het.</li> <li>Almal het geweet dat Mandevu vrede wou hê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
6.12.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>Dit het die sukses van die dag bepaal.</li> <li>D Dit het die sukses van die dag bepaal. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.12.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>Hier is bepaal wie die geld vir die maand kry.</li> <li>A Hier is bepaal wie die geld vir die maand kry. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.12.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>B</li> <li>Hiervoor moes nie-lede betaal.</li> <li>B Hiervoor moes nie-lede betaal. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.12.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>E</li> <li>Dit was die hoogtepunt van die byeenkoms.</li> <li>E Dit was die hoogtepunt van die byeenkoms. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die leser verstaan nou wat 'n stokvel is.</li> <li>(Die leser verstaan nou) die tradisies rondom 'n stokvel beter.</li> <li>Drank laat mense anders/sleg optree.</li> <li>Hierdie tipe byeenkomste is 'n goeie manier vir 'n gemeenskap om saam te kuier. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
		<b>[20]</b>	

EN

**VERHAAL B: "TOM"– Jeanne Goosen**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	VLAK
6.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>R100</li> <li>'n Honderd rand (Enige EEN)</li> </ul>	1	1
6.15	Tom	1	1
6.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die donkie is mishandel.</li> <li>Die donkie het skaafplekke (seerplekke) op sy blaai gehad. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.17	<p>Ja</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die broertjie het geld gebruik wat vir iets anders bedoel was.</li> <li>Die broertjie het 'n donkie en karretjie gekoop wat hulle nie kon gebruik/bekostig nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die broertjie het geglo die donkie en karretjie sou hulle lewens makliker maak. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
6.18	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>nie wou aanvaar dat hy verkeerd was nie.</li> <li>A nie wou aanvaar dat hy verkeerd was nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.19	moedeloos	1	3
6.20	<ul style="list-style-type: none"> <li>(Buite) op die werf.</li> <li>In die bosplantasie (agter die dam).</li> </ul>	1 1	1 1
6.21	kontras	1	3
6.22	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die verteller het so geskrik toe sy die lelike donkie sien, maar het van hom begin hou.</li> <li>Die verteller het uiteindelik die donkie aanvaar, al was die donkie lelik.</li> <li>Die donkie was so lelik dat jy nie kon help om vir hom lief te wees nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5
6.23	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die broertjie het nie die koop van die donkie met die verteller bespreek nie.</li> <li>Hy het hulle skool-en kosgeld gebruik. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	5

6.24.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• ... het nie vir die donkie omgegee nie.</li> <li>• D ... het nie vir die donkie omgegee nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.24.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• ... het gedink aan skade wat die donkie kon aanrig.</li> <li>• C ... het gedink aan skade wat donkie kon aanrig. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.24.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ... wou vir die donkie 'n nuwe blyplek gee.</li> <li>• B ... wou vir donkie 'n nuwe blyplek gee. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.24.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• ... het die donkie op 'n simpatieke manier voorgestel.</li> <li>• E ... het die donkie op 'n simpatieke manier voorgestel. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
6.25	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die broertjie kom met die donkie by die huis aan.</li> <li>• Die verteller en die broertjie stry oor die donkie.</li> <li>• Die donkie wys dat hy van die broertjie hou.</li> <li>• Die broertjie kry sy sin om die donkie te hou.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
6.26	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Al die gebeure in die verhaal handel oor die donkie, Tom.</li> <li>• Tom is die oorsaak van die konflik tussen die broertjie en die verteller. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	4
		<b>[20]</b>	

OF

**VRAAG 7: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	VLAK
7.1	Silwerkloof (stalle)	1	1
7.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• plaas die leser dadelik in die plek waar die drama afspeel.</li> <li>• C plaas die leser dadelik in die plek waar die drama afspeel.</li> </ul> (Enige EEN)	1	3
7.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Haar ma was (altyd) baie besig.</li> <li>• Haar ma het nie tyd vir Binki gehad nie.</li> <li>• Haar ma het baie hard gewerk/het haar eie besigheid gehad.</li> <li>• Haar ma het baie vriende gehad wat haar besig gehou het.</li> <li>• Haar ma was dikwels oorsee.</li> <li>• Haar ouers was geskei.</li> <li>• Haar ma het vir haar gegril.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	2
7.4.1	Hy het katjies verdrink. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	1
7.4.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 100 (uur)</li> <li>• honderd (uur)</li> </ul> (Enige EEN)	1	1
7.5	negatief	1	3
7.6	Dat sy (nog steeds) bang/skrikkerig (vir die perde) was. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	3
7.7	<b>Lady Jane</b> het onrustig rondgetrap ✓ omdat <b>Binki</b> huiwerig was om haar te borsel. ✓ (Of soortgelyk aan bogenoemde) <i>(Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na iets wat Binki gedoen het en Lady Jane se reaksie daarop)</i>	2	4
7.8	Sabrina wil nie "Ma" genoem word nie, want ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• haar vriende lag vir haar as sy "Ma" genoem word.</li> <li>• "Ma" laat haar oud voel.</li> <li>• haar werknemers sou haar nie respekteer as sy "Ma" genoem word nie.</li> </ul> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1	1
7.9	Lucky het ... <ul style="list-style-type: none"> <li>• sy eie selnommer (op Binki se foon) ingetik.</li> <li>• Sabrina na "Ma" verander.</li> </ul> (Of soortgelyk aan bogenoemde)	2	1



7.10	<p>Nee</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Lucky het nie Binki se toestemming gevra om dit te mag doen nie./Lucky het geen reg gehad om dit te doen nie.</li> <li>Binki se selfoon is haar persoonlike besitting.</li> <li>Dit is elke mens se keuse om te besluit wie jy op jou kontaklys wil hê.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p> <p>OF</p> <p>Ja</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Hy het jammer vir Binki gevoel.</li> <li>Hy wou wys hy is haar vriend.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1	4
7.11	min	1	3
7.12	<p>Wilma het (oor-en-oor/aanhoudend) vir Binki gevra om haar (net) Wilma te noem/nie "Tannie Wilma" te noem nie.</p> <p>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1	3
7.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lucky praat nie suiwer/korrekte Afrikaans nie.</li> <li>Dit is hoe Lucky praat.</li> <li>Dit pas by Lucky se karakter in die drama.</li> <li>Dit maak die drama eg/geloofwaardig/werklik.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1	5
7.14.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>... se naam het nie regtig gepas nie.</li> <li>D ... se naam het nie regtig gepas nie.</li> </ul> <p>(Enige EEN)</p>	1	3
7.14.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>C</li> <li>... was kalm en mooi om na te kyk.</li> <li>C ... was kalm en mooi om na te kyk.</li> </ul> <p>(Enige EEN)</p>	1	3
7.14.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>E</li> <li>... was groot en trots, nes 'n koninklike.</li> <li>E ... was groot en trots, nes 'n koninklike.</li> </ul> <p>(Enige EEN)</p>	1	3
7.14.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>A</li> <li>... was oulik en spelerig.</li> <li>A ... was oulik en spelerig.</li> </ul> <p>(Enige EEN)</p>	1	3
7.15	<p>(Wilma het vertel) wat miskruiers (met mis) doen.</p> <p>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1	2

7.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lucky het nie meer sulke kru taal/vloekwoorde/lelike taal gebruik nie.</li> <li>Lucky het probeer om nie kru te praat nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	3
7.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>stereotipering.</li> <li>D stereotipering. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.18	omstandighede nie dieselfde was nie.	1	3
7.19	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>sarkasties</li> <li>D sarkasties (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.20	ryk varke/stinkrykes (Enige EEN)	1	4
7.21	<ul style="list-style-type: none"> <li>Binki se hondjie/Dukie is in die brand dood.</li> <li>Binki het ernstige brandwonde opgedoen/is ernstig beseer. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2	2
7.22.1	(Binki/Sy was skaam vir) die letsels/merke/littekens/"scars" (van die brandwonde). (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	1
7.22.2	Sy het altyd bloese/klere met lang moue gedra. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1	1
7.23	figuurlike	1	3
7.24	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lucky se ma het vir hom 'n koerantberig gewys van haar werkgewer en haar katte.</li> <li>Lucky het uitgerekend dat die katte soveel kos as wat sy ma in twee maande by hulle verdien.</li> <li>Lucky moes eendag vir sy ma in haar werkgewer se tuin gaan wag.</li> <li>Lucky het die ses katjies in die visdam gaan verdrink.</li> </ul>	1 1 1 1	2 2 2 2
7.25	<p>Aan die einde van die drama ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>trek Binki haar bloes uit/hardloop sy met kaal arms/is sy nie meer skaam dat ander mense haar arms sien nie.</li> <li>is Binki nie meer stil en teruggetrokke nie (maar hardloop sy ligvoets).</li> <li>is Binki nie meer bang vir die perde nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p><b>LW:</b> By die eerste twee kolkarakters kan die kandidaat die feit (dat Binki mouloos hardloop) noem OF wat ons daaruit kan aflei (dat sy nie meer selfbewus is nie).</p>	2	5

7.26	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• daar harmonie en begrip vir mekaar is.</li> <li>• D daar harmonie en begrip vir mekaar is. (Enige EEN)</li> </ul>	1	3
7.27	te help	1	4
7.28	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jy moenie sommer net goed sê as jy nie weet wat regtig aangaan nie.</li> <li>• Moenie mense oordeel as jy nie die situasie ken nie.</li> <li>• Moenie veralgemeen nie/aannames maak nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1	3
		<b>[40]</b>	

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**